## 17 April Lukas 22:47-53 (22:50-51)

### *Die priesterslaaf se oorbloed - Jesus priesterlik aan die werk*

Net soveel het die optrede van Jesus 'n priesterlike kant, waar 'n priester nooit met eiewilligheid, en 'n eiewillige godsdiens na die Here toe moet kom nie. Daar was rondom Jesus ene eiewilligheid, wanneer sy vyande Hom aanval, wanneer sy dissipels Hom wil verdedig. Maar Christus, soos 'n priester hou Hy Homself ver weg van 'n willekeurigheid en 'n eiewilligheid. Die Here het Petrus bestraf en Hy bewys priesterlik 'n liefdesdaad aan sy vyand.

Die Here wys ook die verskil tussen wat ampsbediening moet wees ... amptelike ampsbediening kom te staan teenoor menslike ampsverkragting. Die Here wys wat die verskil is. By die tuinhekkie in Getsemane het die mense Jesus gevange geneem. Hulle kom met hulle sterk arms, met die reg van die sterkstes is hulle besig. Jesus wys egter baie gou, dat sy dood het nie te doen met wat die sterkstes regkry nie. Die Here werk deur sy drieërlei amp nie met die reg van die sterkstes nie, maar die Here werk met die sterkte van die reg. Dan is dit nie 'n reg om sterk te wil wees nie, dit is 'n sterkte om reg te kan wees. En hoe is ons nou nog so baie keer so bitter blootgestel, tussen die swaai van die wat hulle sterkte hulle reg wil maak, of diegene soos Jesus wat die goddelike reg sy sterkte maak.

Ds. P.J. Venter (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)